Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1380**(A)**(N30)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# OPENBARE FINANSIES N5

(21010045)

**30 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Rekeningkundige dienste

1.1.2 Openbare aanspreeklikheid

1.1.3 Wetgewing

1.1.4 Tussenregeringstoekennings

1.1.5 Openbare finansiële bestuur

1.1.6 Aanwendingsoudit/Begrotingsoudit

1.1.7 Gemiddelde maatstaf/kriterium

1.1.8 Tenderraad

1.1.9 Interne finansiële regulasie

1.1.10 Openbare inkomste

(10 × 2) (20)

1.2 Noem EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die … is 'n jaarlike plan van wat die regering wil bereik en hoe dit sy geld sal bestee om sy doelstellings te bereik.

1.2.2 ... vind plaas deur die verkose politieke verteenwoordiger of beampte.

1.2.3 ... stel vas of fondse volgens die goedgekeurde begroting in die besondere finansiële jaar bestee is.

1.2.4 ... is die regering se hoofbron van inkomste.

1.2.5 ... beteken dat die regering deur sy verkose verteenwoordigers verslag moet lewer rakende sy voornemens, doelstellings en strategieë ten opsigte van die uitvoering van sy strategieë en die werklike resultate.

1.2.6 ... moet die nasionale begroting voorberei en die aan die parlement vir goedkeuring voorlê.

1.2.7 ... handhaaf hoë morele en etiese standaarde en vereis dat politieke verteenwoordigers en openbare amptenare met integriteit sal optree.

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2.8 ... is 'n vorm van regering waarin die burgers oor die mag beskik.

1.2.9 ... bestaan uit riglyne wat met die voorbereiding van die begroting handel.

1.2.10 Die Wet op die Verdeling van Inkomste ken … van die inkomste wat die staat nasionaal hef, aan provinsies toe sodat hulle basiese dienste kan verskaf en hulle funksies kan uitvoer.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| tessourie; laissez-faire; nasionale wetgewer; horisontale inkomstedeling; gebruikerskoste |

1.3.1 ... is die geldbedrae wat die staat hef wanneer inwoners spesifieke openbare dienste gebruik.

1.3.2 Die ... beheer die finansiële administrasie van staatsdepartemente namens die wetgewer en die uitvoerende gesag.

1.3.3 ... regering verminder regeringsinmenging in die lewens van mense of ondernemings tot 'n minimum.

1.3.4 ... verdeling behels die verdeling van inkomste tussen owerhede op dieselfde vlak as die regering.

1.3.5 Die ... is 'n politieke instelling wat wette vir die burgers amendeer en herroep, insluitend wette op openbare finansiële sake.

(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Noem SES voorbeelde van orde en beskerming deur die staat. (6 × 2) (12)

2.2 Noem VYF demokratiese waardes onderliggend aan die demokratiese finansiële stelsel. (5 × 2) (10)

2.3 Wetgewende owerhede ontvang hulle outoriteit van die konstitusie self en ontvang onbeperkte mag om sy outoriteit te delegeer.

Met betrekking tot die bostaande stelling, noem VIER verantwoordelikhede van die wetgewende liggaam. (4 × 2) (8)

2.4 Noem VYF voorbeelde van die spesiale fondsrekening. (5 × 2) (10)

2.5 Verduidelik kortliks die term *Nasionale Inkomstefonds* in besonderhede. (5 × 2) (10)

**[50]**

### VRAAG 3

3.1 Noem VYF doelstellings van die Laissez-Faire stelsel. (5 × 2) (10)

3.2 Noem die finansiële verantwoordelikheid van die rekeningkundige amptenaar. (5 × 2) (10)

ë3.3 Die munisipale raad moet 'n finansiële komitee aanstel om rekenpligtige finansiële bestuur te verseker.

Noem SES hoof verantwoordelikhede van die finansiële komitee. (6 × 2) (12)

3.4 Inkomstedeling beteken dat die sentrale regering die outoriteit het om 'n gemeenskap te belas en inkomste te verkry.

Onderskei tussen *horisontale inkomstedeling* en *vertikale inkomstedeling*. (9 × 2) (18)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 4**

4.1 Noem VYF redes vir privatisering. (5 × 2) (10)

4.2 Verduidelik kortlkiks die TWEE stelsels wat toelaat dat besluite gesamentlik geneem kan word. (2 × 7) (14)

4.3 Noem DRIE funksies van die ouditeur-generaal met betrekking tot ex post facto finansiële beheer of oudit. (3 × 2) (6)

4.4 Verduidelik in besonderhede *voorwaardelike toekenning*. (5 × 2) (10)

4.5 Noem VYF verantwoordelikhede wat die premier aan 'n lid van die uitvoerende komitee mag opdra. (5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou